Papiertjie gee hond se opleiding 'n hupstoot

Eagan Williamson

'n Hond se reukvermoë is tussen 1 000 en 10 000 keer beter as dié van 'n mens en daarom moet verfynde opleidingsmateriaal gebruik word om goeie snuffelhonde op te lei.

Só sê een van die land se voorste kenners wat dié honde oplei en telkens deur regerings ingespan word om veral narkotika- en plofstofverwante misdade te probeer hokslaan.

Mnr. John Greyvenstein van die Braveheart Bio-honde-akademie in Rayton, oos van Pretoria, het onlangs 'n belangrike deurbraak gemaak in die opleiding van dié honde.

Hy en ander wetenskaplikes is deur die regering van die Seychelle genader om 'n produk te ontwikkel wat in opleiding gebruik kan word.

Hulle het toe 'n produk ontwikkel wat volgens hom minder skadelik is vir die honde tydens opleiding. Die produk, wat lyk soos 'n papiertjie, bevat net die reuk van die onwettige middel en wis ander onnodige reuke uit wat die snuffelhond kan verwar.

Volgens Greyvenstein skakel dié produk die gebruik van werklike middels heeltemal uit. Dit kan dus nie, soos in die geval van dwelms, deur iemand misbruik word nie.

"Die regte middels, soos byvoorbeeld kokaïen, stel die hond en opleier in onnodige gevaar, is moeilik bekombaar vir opleidingsdoeleindes en bemoeilik die voortgesette afrigting van snuffelhonde.

"Met dié produk kan snuffelhonde baie langer gebruik word omdat hulle die spesifieke reuk kan uitruik en nie deur ander reuke van 'n gekontamineerde produk beïnvloed word nie," het Greyvenstein gesê.

■ ewilliam@beeld.com

Het jou! Jakkals, wat in die Braveheart Bio-honde-akademie in Rayton by Pretoria opgelei is, trek 'n "verdagte" vas. Die akademie het gister gedemonstreer hoe 'n nuwe produk wat vir opleiding ontwerp is, die opleiding van snuffelhonde verbeter. Foto: FELIX DLANGAMANDLA